

Sê Maria



ANITA CLAASSEN

Robertson Leeskring

Die ATKV Prys van R22 000 is aan Erika Murray-Theron toegeken vir haar boek, *Sê Maria* - 'n prys wat toegeken word aan die beste en gewildste Afrikaanse prosawerk wat in die voorafgaande kalenderjaar verskyn het. Die boek is ook aangewys as een van die finaliste in die Insig/Sanlam/Kwela-Roman wedstryd.

Oor Erika Murray-Theron

Gebore en getoë in Natal. Sy behaal honneursgrade in Sielkunde en Afrikaans, asook 'n diploma in spesiale onderwys aan die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa).

Sy het by die Departement van Arbeid as vakkundige beamppte gewerk, was dosent by Unisa se Departement van Sielkunde, het vryskutvertaalwerk in die vak Sielkunde vir Unisa gedoen, was berader by FAMSA en gereeld Afrikaans onderwyseres by hoërskole. Sy doen vertaalwerk, was redakteur van 'n maandelikse gemeenteblyd, en is betrokke by leeskringe en die gebruikersvereniging van 'n plaaslike gemeenskapsbiblioteek. Sy woon in Pretoria en sy en haar ingenieursman, Tom Theron het vyf kinders.

'Wat my nog altyd die meeste interesseer, is die subtiele dinge wat tussen mense gebeur, die feit dat mense mekaar nodig het en die verskillende vorms van menslike moed,' sê Erika. Bekende resensente het tot nou toe net lof vir haar romans gehad, veral omdat sy intelligent en met sielkundige-geskakeerde insig skryf. Sy beeld menseverhoudings boeiend en diepsinnig uit.

Dorethea van Zyl wys op haar spaarsamige bekendmaking en voorlopige verswyging van feite en gegewens - die leser word deurentyd aan 'n lyntjie gehou - daar word vlugtig vooruitgewys na wat later gebeur, maar dan word die vertelling tog uitgestel. Ons sien dit duidelik in *Sê Maria*. Sedert haar eerste roman, *Wie is jy Elizabeth* wat in 1989 verskyn het, het nog vier romans en hierdie een in 2001 verskyn. Oor *Kaalvoet oor die berg - verhale oor die liefde* sê Cecile Cilliers: 'Sy het die

vermoë om omgewing en karakters lewend staan te maak in die verbeelding.'

Die omslagontwerp deur Lara Oliver vat verskillende temas saam: die simboliek van die liefde, verhoudings tussen mans en vrouens, ouers en kinders, enkelinge, tussen kulture, oor geslagte en generasies heen, die granaatblom, die naaldekokker en die treinspoor; met 'n sweem van die engelgordyne as 'n mens mooi kyk. Dit vertel veral stories oor Celeste en Conrad, Maria se ouers, en oor haar eie kinderjare in die spoorweghuis.

Die boek

Kortliks oor die inhoud: Van wie verneem ons?

Maria praat van haar kinderjare op pp.122 en 175. Ons hoor die storie van die vriendskap van Maria en haar vriendin, Louise, Brenda se ma, Kilner Swart en August Kühler: Van Maria se grootoupa Diederik en die mooie Claudine, en later oupa Diek wat rondgetrek het as sendeling en oma Maatjie wat noodgedwonge moes intrek by haar skoonmoeder nadat een van haar ses kinders gesterf het. Ons hoor van die drie seuns van Claudine wat gaan veg het gedurende die Anglo-Boereoorlog na hul pa se dood waarvan die jongste, Dirk, 'n toeskouer was. Verder van hul terugkeer, die oudste, Kowie, met breinskade en sy honger broer; Hermanus, fisies en geestelik geskend.

Tussendeur leer ons vir Vera, Amaal, Ernst, Theodor en die dogtertjie Kalien ken.

Ons hoor van die dogtertjie, Celeste wat saam met haar ma en broers by oma Claudine gewoon het en van die swart gesin wat in die agterplaas was; van Celeste se maatjie, Victoria - deel van die swart gesin wat so baie vir Celeste beteken het; ons leer vir Wynand, Garth en Gudrun skraps ken; ons hoor van die mooi ontmoeting en verhouding tussen Maria se ouers, Conrad en Celeste en van die storie van Amaal en Vera en later Louise se dogter, Brenda.

Ons hoor ook hoe Maria die storie van haar verbintenis met Ernst ontplooi, en ten laaste die storie van Celeste en die swart dogtertjie Victoria, soos vertel aan Horizon en Vera.

Maar kom ons begin heel voor. Stories, en Maria wat sê: 'Dit wat met mense gebeur, het nie slotte nie. Daar is patrone, spirale, ja en sirkels' en in hierdie uitspraak kry ons die grondslag van die roman. Ons kry 'n obsessie om 'n storie 'uit te luister' of selfs te versin - soms selfs verskillende weergawes met altyd die sentrale gedagte: 'Wat is die moontlikheid dat een mens regtig uit 'n ander se verhaal kan leer?'

Sê Maria is 'n storie oor die vertel van stories - 'n familiesage oor ses geslagte heen - sommige verhale moeiliker om te vertel - dink aan Karlien se dood (p.120), Maria en Ernst se samesyn en Celeste en Victoria se geheim wat heel aan die einde eers ontrafel word, maar soos sy op p.77 sê: 'lets jaag my deesdae om my stories te vertel', en Wynand raai haar aan: 'Vertel al jou stories, dalk is dit tyd.'

Dit is 'n roman oor die mag van woorde. Maria, Ernst en hul kinders, Theodor en Vera, word vasgeweef in die web van hul eie oorsprong - maar Maria dink ook aan die toekoms. Hier word Brenda ook by die familie ingetrek as sy 'n aborsie oorweeg.

Dink ook hier aan Maria se oma Maatjie wat eers geswyg het oor die seuntjie Krisjan se dood en later moes terugstaan teenoor haar skoonmoeder, Claudine, en later moes swyg weens beroerte. Ook Maria se eie ma, Celeste, of die seun van Claudine wat na die oorlog nie meer kon praat nie - Maria moet dus praat - ook vir die ongebore kind.

Wat baie interessant is, is die herhalende patrone in die lewens van al die geslagte. Hier kan die oombliklike liefde van, byvoorbeeld, Maria se oupa Dirk vir Maatjie by die voordeur van haar huis, of Conrad en Celeste, Maria se ouers op die stasie en Theodor se dadelike liefde vir Brenda, dien as voorbeeld.

Verder die gereelde en herhaalde liefdesdriehoek: Theodor, Brenda en Garth, of Ernst, Maria en Gudrun en Maria se grootouers; Diederik wat verloof was, en Claudine. *Sê Maria* is dus 'n roman oor die liefde.

'n Tema, die krag van die liefde - Maria se oma Maatjie wat, byvoorbeeld, bly klou het aan haar oupa Dirk wat weggegaan het of haar grootjie Claudine wat nog altyd haar man se raad gevra het, al was hy lankal dood, of Maria se pa wat so ontsettend lief was vir sy geestelike onstabiele vrou, Celeste, en



Maria. Hierdie onvoorwaardelike liefde is 'n sterk tema in die boek. Daar word vertel van verhoudings tussen mans en vrouens, ouers en kinders - selfs oor drie oorloë heen, die Anglo-Boereoorlog, die Tweede Wêreldoorlog en die Angolese oorlog wat vir Garth geskend het. Deur oorerwing en beïnvloeding tussen geslagte word gebeure en eienskappe herhaal. Dus 'n kringloop van geslagte - nog 'n tema.

Hiervan moet Maria vertel en soos George Weideman opmerk: 'Die gesegde, die helfte is jou nog nie vertel nie' duik by mens op by die lees van die boek.

Lagie vir lagie word die verlede blootgelê in 'n poging om sowel dit wat verby is, asook dit wat nou aan die gebeur is, te besweer.

Nie almal aanvaar Maria se stories nie - en Maria sê self op p.21 aan Ernst: 'Jy weet mos ek versin alles! 'n Verdere tema: Oor verhoudings, die huwelik oor rasgrense heen, tussen Vera en Amaal, kan dit werk op die lange duur, of ook 'n verhouding tussen Theodor en die veel ouer Brenda?

Hoe Maria se twee kinders hul probleme en uitdagings aanpak, hang ook af van wat hul geleer het uit hul ma se stories, lesse oor hoe om te maak en hoe om nie te maak nie as dit by menseverhoudings kom.

Maria se stories begin geslagte terug - by haar groot-grootouers, stories oor hul kinders en kleinkinders - die verlede en hede word nader aan mekaar gebring.

Sekere sake eindig wel sogenaamd in die lug - Vera se tweede kind wat nog gebore moet word, die moontlike aborsie van Brenda en die aanval op Hermanus? 'n Familieverhaal sonder einde? Die meeste drade word egter tog afgebind. Celeste en Victoria se dogter, Horizon, se stories wat vertel word en Maria se eie lewe met Ernst wat openbaar gemaak word.

Maria se vertel van haar stories is vir haar 'n manier om dinge aan die lig te bring wat altyd ongesê was. Hierdeur kan versoening en heling plaasvind, kom mense by mekaar uit, soos Celeste op p.160 sê: 'Wat gevra word is heelhartigheid', of soos ons op die agterblad lees: 'Uiteindelik 'n kwesbare netwerk van mense, wit en swart, te ontbloot wat in 'n rustelose land algaande onderlinge troos vind.'

Kritiek

○ Miskien 'n bietjie oordadig. Byna met elke liefdesgeskiedenis is die twee oombliklik verlief - Dirk en Maatje, Claudine en Diederik, Theodor en Brenda, Vera en Amaal, Maria en Ernst, Conrad en Celeste en Conrad se ouers. Maria sê immers op p.51 daar is dus

herhalende patrone in die lewensloop van die voorgeslagte en Maria se gesin.

- Soveel dramatiese geskiedenis in die familie en dié se voorgeslagte, en dat Maria dit met soveel detail beskryf, laat mens wonder oor die geloofwaardigheid van die stories.
- Professor Wium van Zyl het gekla oor taalslordighede in die boek, byvoorbeeld, rystoel, in plaas van rolstoel, of die spelling van patrolling met net een 'l' en blinders in plaas van blindings.
- Maria se 'aandik' van stories laat mens soms wonder waar die werklikheid ophou en versinsel begin. Ook Theodor en Vera het hul ma daarvan beskuldig!

- Dit neem 'n tydjie om aan al die karakters en die spronge tussen hede en verlede gewoon te raak.

Positief

- Dit is egter duidelik dat die skrywer 'n deeglike studie gemaak het van die betrokke tydperke, veral wat die posisie van die vrou teenoor die man betref - onderdanigheid by die voorgeslagte teenoor die onafhanklike Brenda in die teenwoordige tyd - 'baas in eigen buik'.
- Die kort hoofstukke lees maklik.
- Die roman is toeganklik vir die liefhebber van stories, maar ook vir diegene wat dieper wil delf.